



► Uniondale

Op die pad tussen Steytleville en Willowmore én die een tussen Willowmore en Uniondale is daar kort-kort 'n bordjie wat jou waarsku teen koedoes. En as jy saans ry en iemand van dié drie dorpe wag vir jou, hoor jy telkens: "Ry versigtig. Moenie jaag nie. En pasop tog vir die koedoes..."

Ironies genoeg was dit nie 'n koedoe wat op 12 April 1968 gelei het tot die



Uniondale se toerismekantoor. Dié dorp beskou die Baviaanskloof as 'n groter bron van toerisme as die spook...

dood van Maria Roux, beter bekend as die spook van Uniondale, nie. Die Volkswagen Kewer waarin sy en haar verloofde uit die noorde op pad was Riversdal toe om te gaan ouers vra, het weens 'n rukwind omgeslaan en sy is uit die kar geslinger.

Vandag nog is daar verdeeldheid op die dorp oor "die spook". Aan die een kant is die groep wat voel dooies verdien groter respek as om 'n toerismelokmiddel te wees. Die teenstand uit dié oord is só groot dat die vervaardigers van die fliek *Die spook van Uniondale* (2014) hulle tonele op Steytleville en Willowmore gaan skiet het en net 'n hommeltuig met 'n kamera oor die regte Uniondale gestuur het om die nodigste materiaal te kry. Aan die ander kant is daar diegene wat meen Uniondale kan net baat vind by so 'n "etiket".

Mense soos André en Henriëtte du Plessis, wat 'n dekade of wat gelede uit Murrayfield, Pretoria, hierheen getrek het. Hulle bedryf nie net 'n gastehuis op die dorp nie, maar besit ook 'n fabriek wat aalwynsap en -poeier uitvoer én hulle is vennote in 'n wildsplas buite die dorp. André is ook lid van die Uniondale-sakekamer, wat by die George-tak geaffilieer is.

Ja, Uniondale is wel die "poort tot die



HIER TUK-TUK, DAAR TUK-TUK

Dirkie Coetzee is 'n man met dryfkrag en vindingrykheid – en ongeewenaarde energie. Hy en sy vrou, Thea, woon sedert 1981 al op Uniondale en het saam die "Skoonheidsentrum" op die dorp waar hulle apteekgoed, skryfbehoeftes en van hulle heerlike tuisgebak verkoop. (Die naam het hulle saam met die gebou geërf en dit net nooit verander nie, lag hy.)

Nou is Dirkie ook toergids: Hy het vir hom 'n tuk-tuk gekoop wat met sy eensilinder-dieselenjin alte flink deur die strate prt-prt-prt.

Hy ry met jou in die hoofstraat af en dan is dit stofstrate toe, daar waar die huise ylgesaai tussen die weidingskampe staan. Jy hou stil by die groot ou kurkboom aan die begin van die dorp, die sinagoge, Victoriastraat (met die oudste huise op die dorp), die Engelse begraafplaas, die nagmaalhuistes, die NG kerk. Jy gaan maak selfs 'n draai in die Vrystaat... nee, nie regtig nie – dis die deel anderkant die rivier, op pad grootpad toe. Hier sien jy die rooskwekery en skiet dan gholfbaan toe, waar jy dalk net 'n springbok op 'n setperk sal aantref.

Kontak ☎ 071 152 1046

✉ uniondaletours@outlook.com

Wes-Kaap" en lê hier knus onder die Baviaans se vlerk (hoewel die dorp nie amptelik deel vorm van die Baviaansgebied nie), maar die Sakekamer, sê André, meen tog die dorp het 'n tema nodig. "En daardie tema is die spook en bergfietsry. Met die Karoo to Coast- en Trans-Baviaans-bergfietsresies** wat in ons omgewing plaasvind, móét ons die dorp 'n fietsvriendelike plek maak." >

Weg Platteland 2015

P43



1
Robert Verwoerd, 'n argitek wat in die jare vyftig saam met sy ouers uit Nederland geïmmigreer het, maak die kos by Die Watermeul, terwyl sy vrou, **Adele**, 'n grafiese kunstenaar, die mure van die galery vol hou. En saans is sy gasvrou.



2
'n Entjie straataf van die mark maak **Salome Mongo** die afgelope 6 jaar roosterkoek saam met **Frans Arries**. Sy meng 15-20 kg meel op 'n slag. Frans sê Uniondale "is lekker as jy hom gewoon is, maar hier is verskriklike warmte en verskriklike kouete."



3
Susan Lennox is die eienaar van Cracklin Rosy. Sy's gebore en getoë op Uniondale, maar het 21 jaar by Krygkor in Johannesburg gewerk. "Die dorp is nog maar soos ek hom as kind leer ken het," sê sy.



4
Salome Mongo se kleinkind **Okuhle Wildeman** kom sit hand by as haar ouma roosterkoek bak.



5
Agter haar winkeltjie, Penny Lane, het **Sandra van Vuuren** 'n heerlike stoep waar jy 'n ordentlike koppie koffie kan bestel.



6
Die tweeling **Olivia** (links) en **Odette Anthony** studeer onderskeidelik teologie en B.Sc. op Stellenbosch, maar in vakansietye kom bak hulle pannekoek by die mark saam met hulle ma, **Naomi**.



7
Op die stoep by Stander-meubelwinkel sit **Oumies Stander** en serpe brei wat sy teen R60 stuk verkoop. "Op hierdie stoep is dit net soos *Koöpera siesories* – hy's nooit sonder mense nie."



8
Dirkie en **Thea Coetzee** staan elke oggend om vieruur op en begin bak en brou. Deur die dag beman hulle die winkel, en dan bak hulle weer saans tot elfuur. Die resultaat? "Koeties. Onweerstaanbare lekkertel!!!" staan op die etiket. Inderdaad.

9
Elke Saterdag kom slaan **Adriana Fourie** haar groente-en-braaivleisstalletjie by die mark op. Saam met haar werk **Grasshruandry Barends** (links), **Shewandré le Grange** (die braaier) en **Joydene Arries**.